STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 34 - 2018 • EDITION 34 - 2018

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Ai die droogte krisis is darem maar erg in 'n gebied waar ons altyd so gewoond was aan genoeg reën. Ek analiseer elke wolkie wat ek sien vir sy potensiaal om vir ons reën te bring en kyk met jaloesie na ander gebiede wat goeie reën kry.

Dan moet ek myself herinner dat ek net geduldig moet wees en dat dit nog nie ons tyd vir reën is nie. Maar, voor ek my kom kry kyk ek alweer na 'n weervoorspelling op my foon en bid dat daar 'n storm kom. En al stroom die water deur my huis sal ek nie kla nie! Ek bly egter positief en weet dat ons almal intussen net soveel as moontlik water moet bespaar.

Water, water, water!

Ja, water bly die onderwerp op almal se lippe. Kaapstad het 'n hele paar weke in die nuus spandeer oor inwoners wat winkels stormloop vir gebottelde water, emmers en skottels. Selfs in ons eie omgewing is 'n emmer nou 'n item van groot waarde en praat inwoners oor waar dit oral te koop is en waar die beste pryse te kry is. Ek het self 'n paar addisionele emmers en skottels aangeskaf om seker te maak ek vang elke druppel gryswater op.

6B Waterbeperkings

Ons eie watersituasie is ook soos alle dorpe onder druk. As ons mooi werk met water sal ons sal egter voldoende water hê om te voorsien aan die basiese behoeftes van ons inwoners. Om te verseker ons bronne bly volhoubaar, het ons dan ook beweeg na vlak 6B waterbeperkings, sedert 19 Februarie 2018. Dit beperk elke inwoner tot 50 liter per dag, met 'n maksimum vir elke huishouding tot 6 kiloliter water per

Dear Residents,

The drought crisis is so bad in an area where we have always been used to sufficient rain. I analyse every little cloud that I see for its potential to bring us some rain and watch with jealousy the other areas that are receiving good rains.

Then I need to remind myself again that I must be patient and that it is not yet our time for rain. But when I catch myself again, I am looking at a weather forecast on phone and pray for a storm to come. And even if the water floods my house, I will not complain! I however remain positive and know that all of us must save as much water as possible.

Water, water, water!

Yes, water remains the subject everyone is talking about. Cape Town spent a few weeks in the news about residents who raided shops for bottled water, buckets and plastic basins. Even in our own region, a bucket has become an item of great value and residents talk about where to buy at the best prices. I also bought a few additional buckets and basins to make sure I collect every drop of grey water possible.

6B Water Restrictions

Our own water situation, like in all other towns, is under pressure. If we take care of how we use our water, we will however have enough to provide for the basic needs of our residents. To ensure that our sources remain sustainable, we also moved to Level 6B restrictions, since 19 February 2018. It restricts every resident's water consumption to 50 litres with a maximum of 6 kilolitres of water per month for

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Registreer vir 2019 Verkiesing
Register for 2019 Elections
bl/pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

maand. Munisipale drinkwater mag slegs aangewend word vir absoluut noodsaaklike gebruik en inwoners moet alles in hul vermoë doen om gryswater op te vang en dit weer te gebruik. Ons kan nie bekostig dat drinkwater gebruik word vir goed soos tuinmaak of selfs toilette spoel nie.

Innoverende Waterbesparing

Die droogte bring weer die innovasie in mense na vore en ek het onlangs saam met Premier Helen Zille, die bekendstelling van 'n waterbesparingstoestel bygewoon. Die Waterloo Slim Gryswater Stoortenk, is 'n innoverende oplossing hier uit ons eie vallei. Dit is 'n tenk wat op enige toilet geïnstalleer word waarin jy dan jou gryswater wat jy opvang, kan ingooi om jou toilet mee te spoel. Wanneer jy die tenk installeer (en ja jy kan dit self doen, sonder 'n loodgieter!) kan jy jou toilet se stopkraan toedraai. Die tenk is ontwerp deur Retief Kruger Industriële Ontwerp, wat gebaseer is in Technopark. Gaan kyk gerus op die Waterloo webblad (https://mywaterloo.co.za/) na die slim tenkie. Indien inwoners bewus is van nog sulke wonderlike waterbesparingsoplossings wat dit vir inwoners maklik maak om water te spaar, laat my gerus weet. Ek help graag om ons inwoners bewus te maak van innoverende idees oor hoe om water te bespaar.

Registreer vir 2019 Verkiesing

In 2019 is dit alweer tyd vir die Nasionale en Provinsiale Regeringsverkiesings. Die eerste registrasie-naweek vind plaas op 10 en 11 Maart 2018. Daarom is die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) weer aktief besig met die bewusmaking van kieserregistrasie. U sal ook oral advertensies sien wat inwoners aanmoedig om te registreer as kiesers of u detail te herbevestig. Inwoners wat van huis verwissel het moet weer herregistreer by die gepaste stempunt binne hul kiesdistrik. Ons studente moet veral seker maak hulle herregistreer omdat baie van hulle se adresse verander het. Dit is ook die geleentheid vir leerders wat 18 word, of 18 sal wees teen tye van die verkiesing, om te registreer as kiesers.

Na 'n hofuitspraak in 2016, moet alle kiesers op die kiesersrol ook 'n geldige adres aan die OVK verskaf om inderdaad te wys hulle is woonagtig in die kiesdistrik waar hulle geregistreer is. Dit het 'n groot impak op alle kiesers wat reeds geregistreer is. Alle kiesers moet asseblief van die registrasiegeleenthede gebruik maak om seker te maak dat u woonadres korrek op die kiesersrol verskyn.

Om uit te vind of u geregistreer is, kan u 'n SMS stuur na 32810 en die OVK sal u terug SMS met die nodige inligting. Gebruik die stempunt-opspoorder (http://maps.elections.org.za/vsfinder/) op die OVK se webblad om te sien waar u korrekte stempunt is. Die OVK se webblad ís ook 'n wonderlike hulpbron om alles uit te vind oor hoe, waar, wanneer en waarom u moet registreer. Gaan na www.elections.org.za.

Gebied Besoeke

Ek en my span doen tans ter plaatse moniterings inspeksies en besoeke regoor ons munisipale area op 'n rotasiebasis. Ek gebruik hierdie geleentheid om die kwelpunte in die onderskeie areas waar te neem en so te begin werk aan oplossings daarvoor. Ons was dus onlangs in Franschhoek en het gaan kyk na verskeie uitdagings wat ons pragtige dorpie in die gesig staar. Ek het ook die geleentheid gekry om weer besoek af te lê by die Mooiwaterpark en te sien hoe gemeenskapsbetrokkenheid 'n

every household. Municipal drinking water may only be used for absolute necessities and residents must do everything within their power to collect grey water and reuse it. We cannot afford to use drinking water for things like gardening or flushing toilets.

Innovative Water Saving

The drought inspires people to be innovative. I recently attended the launch of a water saving device with Premier Helen Zille. The Waterloo Smart Grey Water Storage Tank is an innovative solution from our own valley. This tank can be installed on any toilet and you deposit your collected grey water in it to flush your toilet. When you install the tank (and yes, you can do it yourself, no need for a plumber!) you can turn off your toilet's stopcock. The tank is designed by Retief Kruger Industrial Design that is based in Technopark. Go and have a look at this clever design on the Waterloo website (https://mywaterloo.co.za/). If residents are aware of more innovative water saving solutions that can make it easier to save water, please let me know. I am happy to create awareness with our residents about innovative ideas about how to save water.

Register for 2019 Elections

In 2019 it is again time for National and Provincial Government Elections. The first registration weekend takes place on 10 & 11 March 2018. That is why the Independent Electoral Commission (IEC) is actively campaigning for voter registration. You will see advertisements that encourage residents to register as voters or to confirm your details with the IEC. Residents who moved must reregister at the correct voting point within their voting district. Our students especially must make sure they reregister because many of them have recently moved. It is also the opportunity for the learners who are 18 and those who will be 18 at the time of the next election, to register as voters.

Following a court judgement in 2016, all voters on the voters roll must be registered with a valid residential address to prove they are living in the voting district they are registered in. This has a big impact on all voters who are already registered. All voters must please use this opportunity to make sure they appear on the voters roll with a residential address.

To find out if you are registered, you can send an SMS to 32810 and the IEC will reply with the necessary information. You can also use the voting station finder (http://maps.elections.org.za/vsfinder/) on the IEC website to see where your correct voting point is. The IEC website is also a wonderful website to learn everything about when, where and how you must register. You can go to www.elections.org.za.

Area Visits

My team and I are doing random site visits and monitoring inspections across the municipal area on a rotation basis. I am using this opportunity to inspect issues in the various areas and to work on solutions for these challenges. We were in Franschhoek recently and visited various areas to look at the challenges this area experiences. I also had the opportunity to visit the Mooiwater Park and to see how community involvement positively impacts

positiewe impak het om dit wat ons doen in die gemeenskap. Die park is verlede jaar in Groendal geopen en is verdeel in hoeke en akkers. Die inwoners wat rondom die park woon, is elk verantwoordelik vir sy/haar deel. Dit is verblydend om deur die park te stap en te sien hoe skoon en netjies die park is en hoe mooi die toerusting binne die park opgepas word. Die gemeenskap het hier eienaarskap geneem en ten spyte van die huidige droogte doen hulle alles om hul park netjies te hou.

Feeste

Die Stellenbosch area bly 'n baie gewilde area wat gereeld gasheer speel vir groot feeste, sportgeleenthede en ander gebeure. Met die voortslepende droogte, word ons daarom gereeld gevra of die feeste geregverdig kan word. As Munisipaliteit het ons ernstig na ons watersituasie gekyk en ook die aantal geleenthede wat elke maand hier plaasvind. Om te verseker dat hierdie feeste geen druk op ons waterbronne plaas nie, en nie water mors nie het ons die Munisipaliteit se aansoekproses dus aangepas om seker te maak die organiseerders van geleenthede neem hierdie uitdaging ernstig op. Organiseerders moet nou 'n gedetailleerde waterplan indien saam met hul aansoek. Die plan moet wys wat organiseerders gaan doen om nie munisipale bronne onder druk te plaas nie, wat hulle gaan doen om waterbesparing aan te moedig, hoe hulle voorsiening gaan maak vir feesgangers se behoeftes en wat hulle doen bewussyn te skep oor waterbeperkings. Geen aansoeke sal goedgekeur word as dit enige bedreiging of druk vir ons waterbronne inhou nie. Ons praat gereeld met al die organiseerders om seker te maak hulle verstaan die êrens van die saak en hoe ernstig ons sal optree indien daar nie aan ons voorwaarders gehoor gegee sal word nie. Dit is egter belangrik dat toeriste wel ons gebied besoek want dit bring welvaart en werksgeleenthede vir ons mense.

Stellenbosch Can Projek

Dit is weer tyd vir die Stellenbosch Can Projek! Vanaf 1 Maart 2018 tot die einde van Mei kan inwoners weer blikkies kos skenk in die Eikestad Winkelsentrum in die gemerkte skenkingsbokse. Dit is 'n jaarlikse projek en as Munisipaliteit neem ons weer deel. Ek wil graag al ons inwoners aanmoedig om net een blikkie kos in 'n boks te gooi, elke keer wat u in die winkelsentrum is. Die blikkies word geskenk aan Stellenbosch Voedingsaksie wat dit dan gebruik om kos te maak en uit te deel in behoeftige areas in ons gemeenskap. Stellenbosch Voedingsaksie voorsien ongeveer 500 maaltye aan behoeftige inwoners per dag. Dis so 'n maklike manier om 'n groot verskil te maak vir iemand wat dit regtig nodig het. Help asseblief!

Padwerke

Ons is bewus daarvan dat die huidige padwerke in en om ons omgewing frustrasie skep. Dit word egter gedoen om uiteindelik die verkeersdruk wat ons tans ervaar, te verlig en die verkeersvloei te verbeter. Ek vra inwoners om asseblief geduldig te wees en die ekstra reistyd in te reken elke dag. Die verwagting is dat die meeste van die werk voltooi sal word teen einde Maart 2018 en dat u dan die positiewe uitwerking van die verbeterings eerstehands sal ervaar.

Harvest Time

Dis weer oestyd in die Boland en oral ruik en sien ons druiwe en varsgemaakte wyn. Die Oesfees wat op 20 Januarie gehou is, het eer gebring aan al ons werkers en produsente wat deel is

on what we do for the community. The park was opened in Groendal last year and is divided into various corners and flower beds. The residents living around the park are each responsible for his/her own section. It is encouraging to walk around and to see how clean and neat the park is and how well the equipment is cared for. The community has taken ownership and in spite of the severe drought, they are doing their bit to keep the park neat.

Festivals

The Stellenbosch area remains a popular host for large festivals, sporting events and other major events. With the continuing drought, it has been asked if these festivals can be justified under the circumstances. As a Municipality, we had a serious look at our water situation as well as the number of events that take place every month. To make sure that the events do not put pressure on our water sources and that water is not wasted, the Municipality reviewed the application process for events to make sure the organisers of these events take this matter seriously. Organisers must now submit a detailed water plan with their applications. The plan must show what the organisers will do to not put pressure on our water sources, what they will do to encourage saving water, how they will address the needs of festival goers and what they will do to create awareness about saving water. No applications will be approved if it in any way puts pressure on our water resources. We are in regular contact with all event organisers to make sure they understand the seriousness of the situation and that we will take action if our conditions are not heeded. It is however important that tourists still visit our area because it brings success and job opportunity to our people.

Stellenbosch Can Project

It is once again time for the Stellenbosch Can Project. From 1 March 2018 until the end of May, residents can donate canned food in Eikestad Mall, in the marked donation boxes. This is an annual project and as a Municipality we are again participating. I want to encourage every resident to donate only a can every time you visit the mall. The cans are donated to Stellenbosch Feeding in Action that uses it to prepare meals and distribute it to those in need within our community. Stellenbosch Feeding in Action prepares 500 meals a day for residents in need. It is such an easy way to make a huge difference in someone's life that really needs it. Please help!

Road Works

We are aware that the current road works in and around the area is causing frustration. This is necessary however to improve the traffic congestion in our area and to improve traffic flow. I want to ask residents to please be patient and to please include extra travel time into their daily planning. We expect that the majority of the work will be completed by the end of March 2018 and that you will experience the improved conditions first hand.

Harvest Time

It is harvest time again in the Boland and everywhere we look we can see and smell grapes and freshly made wine. The Harvest Festival took place on 20 January 2018, and it honoured the workers and produces that are part of this centauries old

van hierdie eeu oue en skeppende bedryf. Miskien weet u dit nie, maar ek is onder andere 'n gekwalifiseerde wynmaker en hierdie tyd van die jaar juig ek saam met die oesspanne oor die seën van oes wat swaar hang en wag om gepluk te word. Daarom was al die versierde vlotte, trompoppies en optogte so 'n feestelikheid vir my.

Wine Festival

Die Stellenbosch wynfees van 23 tot 25 Februarie is ook 'n hoogtepunt op ons kalender en ek hoop almal van u kon van die spogwyne van ons distrik proe. Ons distrik is wêreldleier in wyn kwaliteit en wyntoerisme. Neem asseblief tyd en ondersteun hierdie mooi ekonomie van ons. Soms vergeet ons dat besoekers van oorsee kom met groot koste om hierdie rykheid te ervaar. En ons wat so naby is, doen dit dikwels nie! Ondersteun dus asseblief ons plaaslike ekonomie en skep so werk vir ons mense.

Tot ons weer gesels, klink ek 'n glasie op u en almal in ons mooi dorpe!

Groete,
Burgemeester Gesie

creative industry. Maybe you do not know, but I am a qualified winemaker and during this time of the year I celebrate with the harvest teams, the blessing of the harvest hanging heavily and waiting to be harvested. That is why the decorated floats and the drum majorettes are so exciting for me to see.

Wine Festival

The Stellenbosch Wine Festival took place from 23 to 25 February 2018 and it is always a highlight on the calendar. I hope everyone and the opportunity to taste some of the best wines from our district. Our district is a world leader in wine quality and wine tourism. Please take some time to support this economy of ours. We sometimes forget those foreign visitors travel to our region at great cost to experience this richness and we, who are so close, do nothing. Please support our local economy and help to create jobs for our people.

Until our next talk, I raise my glass to you and to all our beautiful towns!

Regards,
Mayor Gesie